

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

ds. PJ Kriel

24.03.2019

Inhoud Bekering is om die lewe wat God vir ons gee te leef met 'n innerlike vreugde in wie God vir ons is en met 'n lus en liefde om sy wil te doen. Daarmee keer onself weg uit 'n onbehaaglikheid met God en 'n lusteloosheid en afsydigheid teenoor sy wil. Dit doen ons omdat Jesus Christus vir ons lewend maak vir God. In ons vereniging met wie die lewe wat Hy as mens in die hemel leef, maak Hy God ons vreugde en sy wil ons lus en liefde. Só wy onself toe om ons lewe volgens god se wet vir God te leef. In afgodsdienste moet mense hul self dood maak sodat God sy lewe in en deur mense kan leef. In hierdie dooie bekerings moet mense hul self in 'n onbehaaglikheid met Homself en hul self hul lus en liefde vir hul eie lewe verloor sodat God sy lewe deur hul kan leef.

Skriflesing Rom. 6: 12 – 32; Rom. 1: 18 – 25; Rom. 3: 9; Rom. 12: 1 en 2.

Teks Rom. 6:13 b “As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle juis tot beskikking van God stel en julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God.”

Tema Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

1. Ons is besig om te kyk na die tipe bekering waarin ons ons self gee, dit is toewy, om gehoorsaam te wees aan die Gebooie van die Here. Dit is die tweede soort bekering in die Christelike lewe – van sonde tot die doen van God se wil. Ons as gelowiges se gehoorsaamheid om te doen wat God in sy wet van ons eis, is heeltemal iets anders as wat Jode en afgodsdienaars doen wanneer hulle gehoorsaam is aan die wet van God of aan die wette van hul gode.

Paulus beskryf die verskil tussen gelowiges se gehoorsaamheid aan God se wet en alle ander mense se gehoorsaamheid aan God soos die verskil tussen “lewe” en “dood”. Dit is tussen lewende gehoorsaamheid en dooie gehoorsaamheid, en daarom tussen 'n lewende bekering en 'n dooie bekering.

Wat is die verskil tussen lewende gehoorsaamheid en bekering, en dooie gehoorsaamheid en bekering?

2. Kom ons kyk of die volgende voorbeeld vir ons kan help. Ouers kan op twee verskillende maniere van hul kinders gehoorsaamheid verwag.

Die een manier is dat ouers van hul kinders verwag om die lewe wat hulle as kinders van hul ouers ontvang het, te sal leef. Al die reëls en regulasies wat sulke ouers vir hul kinders maak, gaan oor hoe hulle wil dat hierdie kinders hul eie lewe ten volle moet uitleef volgens hulle potensiaal en bedoeling. Hulle reëls is bedoel om die volle lewe wat hul kinders kan leef te ontsluit.

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

Daar is ook ander tipe ouers!

Hulle wil graag alles wie hulle nie as kinders kon wees of kon doen nie, deur hulle kinders uitleef. Alles wat hulle vir hul kinders laat doen, is om deur hulle kinders dit te kan wees, bereik en ervaar wat hulle op uitgemis het en na verlang om te wees. Al die reëls en regulasies van hierdie ouers is om hul kinders se eie lewe dood te maak sodat hulle hul lewe deur hul kinders kan uitleef.

Die wyse waarop hulle die kinders se eie lewe innerlik doodmaak is om die kinders skuldig en tot rebelle te verklaar as hulle hul eie lewe wil leef. Op hierdie wyse dwing hulle hul kinders om hul eie lewe te ontken en af te lê.

2. Kinders wat gehoorsaam aan hul ouers hul eie lewe voluit leef en kinders wat hul eie lewe doodmaak sodat hul ouers hul lewe deur hulle kan uitleef! Dit is die verskil tussen kinders wat lewe en kinders wat innerlik dood is!

Al twee hierdie soorte kinders is gehoorsaam aan hul ouers. Kinders wat hul lewe voluit leef, leef dit in gehoorsaamheid aan hul ouers volgens die wil van hul ouers. Kinders wat hulle eie lewe opgee en dood is vir hul eie lewe, is ook gehoorsaam aan hul ouers!

Die een soort gehoorsaamheid maak jou dood en die ander soort gehoorsaamheid laat jou voluit leef!

Kyk wat sê Paulus vir die gelowiges in die gemeente in Rome waarvan party Grieke en Romeine was en ander Jode! As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle julleself tot beskikking van God stel, en julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God. Rom. 6: 13.

3. Hoe kan Paulus vir mense wat nog nooit dood was nie, sê hulle was dood en het lewendig geword?

Hy bedoel daarmee dat hulle gehoorsaamheid waarmee hulle teenoor God en afgode besig was, was 'n gehoorsaamheid waar God en die afgode deur hulle geleef het, en hulle hul eie lewe moes doodmaak en opoffer vir God en gode. Net soos kinders hul eie lewe moet doodmaak vir ouers wat hul lewe deur hul kinders wil leef.

Hoe het hulle nou lewend geword?

Deurdat Jesus Christus hulle Here is wat hulle hul eie lewe vir God laat leef en nie as God deur hulle sy goddelike lewe wil leef nie. God het vir hulle geword soos ouers wat hul kinders lei en leer om hul eie lewe voluit te leef!

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

Die verskil tussen lewende kinders en dooie kinders is wie God en hoe God vir hulle God is! Dit is die betekenis wat Paulus uitwys tussen die God en sy wet van sonde en dood, en die Heilige Gees wat gelowiges in Christus die lewe gee se wet in Romeine 8 vers 2. Lewende gehoorsaamheid is die gehoorsaamheid aan die wet van die Gees wat ons lewend maak in Christus en dooie gehoorsaamheid is gehoorsaamheid aan die wet van sonde en dood en daarom ook aan die God van sonde en dood.

4. Daarom is die regte verskil of jy lewend vir God is en of jy dood vir God is! Dit sal jou gehoorsaamheid aan God se wil en wet se karakter en inhoud bepaal. Paulus bedoel met die uitdrukking “lewe gee” soos in Romeine 8: 2, “so ’n nuwe lewe kan lei”, Rom. 6: 4, “vir God lewe”, “lewend vir God”, Rom. 6: 11 en “lewend geword” Rom. 6:13, dat ons vereniging met Christus waarin Hy ons sonde deel en ons sy gehoorsaamheid, skep die Here deur die Heilige Gees in ons ’n innerlike vreugde in God as God en ’n lus en liefde om volgens sy wil as God te leef.

Met die woord “dood” en “gesterf”, dit is om dood te gegaan het, soos in Romeine 6:8, “dood vir sonde” Rom. 6: 11, “wat tot die dood lei, ” Rom. 6: 16, “ek het gesterf” Rom. 7: 10 en “my deur die gebod doodgemaak”, Rom. 7: 11, bedoel Paulus om in God soos God God is onbehaaglik te wees en vir sy wil lusteloos en afsydig te wees.

Daarom is die vraag die werklike vraag: gehoorsaamheid jy God en bekeer jy uit ’n innerlik vreugde in God met ’n lus en liefde vir sy wil of uit ’n innerlike onbehaaglikheid in God as God en met ’n lusteloosheid en afsydigheid teenoor wy wil?

Is jy besig met lewende of dooie bekerings? Bekerings uit ’n innerlike vreugde in God, met ’n lus en liefde vir sy wil of bekering uit ’n innerlike onbehaaglikheid in God met ’n lusteloosheid en afsydigheid teenoor sy wil?

5. Wat ons help om te weet wat lewende gehoorsaamheid en lewende bekerings is, is dat Paulus beide die toegewyde Jode en Grieke wat afgode aanbid het, se gehoorsaamheid aan en bekerings tot God en afgode, “dooie gehoorsaamheid” aan die “wet van sonde en dood noem. Rom. 8: 2.

Hoe kan Joodse toewyding aan die Tien Gebooie en die sedeloosheid van Griekse afgodery al twee “dooie gehoorsaamheid” wees?

Kom ons kyk weer na waarom dit werklik gaan tussen lewend en dood! Dit gaan of jy jou eie lewe as kind vir jou ouers lewe en of jy hulle hul lewe deur jou laat leef! Leef jy jou eie lewe vir hulle, is jy met lewende gehoorsaamheid besig! Leef hulle hul lewe deur jou, is jy met “dooie gehoorsaamheid” besig, gehoorsaamheid wat jou eie lewe doodmaak.

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

Wanneer dit die werklike saak is, dan is daar nie 'n verskil tussen ouers wat hulle goeie, mooi, edel en lofwaardige lewe wat hulle nie as kind gehad het, om te kan presteer en sukses te behaal as kind, deur jou as kind uitelef nie

of

ouers wat voel hulle kon nie die seksuele vryheid, genot van losbandigheid, die sorgvryheid van kinders sonder ambisie, die opwinding van ongebondenheid van wetsverbreking en die avontuur van 'n lewe sonder verpligtinge as tieners geniet nie. Hierdie sedeloosheid wil hulle nou deur hulle kinders se perversheid uitelef en geniet.

Ouers wat hul verlore goeie lewe of hul verlore sedelose lewe deur hul kinders wil uitelef, is maar net presies dieselfde: hulle maak hul eie kinders innerlik dood vir hul eie lewe sodat hul hul lewe deur hul kinders kan leef.

6. Daarom wys Paulus dat Jode en heidene is besig met dooie gehoorsaamheid en bekerings!

Hulle God en gode wil hul lewe deur mense leef, en maak mense innerlik dood vir hul eie lewe vir en saam met God, net soos ouers wat hul verlore lewe deur hul kinders wil leef.

Hoe doen die leef afgode van die heidene hul lewe uit in mense wat aan hulle onderwerp is? Daarvan gee Paulus vir ons 'n volledige beskrywing in Romeine 1 verse 18 tot 32. Alle afgode is soos ouers wat verlang na 'n sedelose tienerlewe wat hulle nie gehad het nie. Paulus noem dit “verdraaide opvattinge” of “verwerplike denkwyses”.

Afgode wil graag oorlog maak en mense doodmaak, afgode wil graag seksueel losbandig wees, afgode wil graag gesuip wees, afgode wil graag magtig en bokant enige wet verhewe wees, afgode wil sedeloos alle drifte onbevange as ware liefdes uitelef. Hoe doen hulle dit? Deur mense wat hulle met sedeloosheid en losbandigheid vereer! Apollo se dienaars vereer hom met menseslagtings, Venus se dienaars vereer haar met seksuele pervershede, Bacchus se dienaars vereer hom met suipgeleenthede en Zeus se dienaars vereer hom met absolute mag wat hulle op mense afdwing.

Dit is waarna Paulus verwys in Romeine 6: 16 – 20. Heidene se verering van afgode maak hul slawe van sondige drifte. Hulle kan nie die lewe leef waarvoor God hulle gemaak het nie. Hulle moet hul eie lewe vir God doodmaak sodat die afgode hul verlanges deur mense kan uitelef. Hulle moet dood wees vir hul eie lewe en lewend vir die drifte van hul afgode.

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

In God wie nie 'n afgod is nie, het hierdie mense 'n onbehaaglikheid dat Hy nie soos 'n afgod is wat met drifte vereer wil word nie, en vir God met sy wet het hulle 'n lusteloosheid en afsydigheid! Hulle is met dooie gehoorsaamheid en bekerings besig. Dit is vir hulle hul lewende godsdiens!

## 7. En Jode?

Die Joodse se geestelikheid maak God soos ouers wat hul verlore goeie geleenthede, mooi prestasies en sukses deur hul eie kinders wil uitleef!

Dit sien ons in Romeine 2 waarna ons al reeds gekyk het! Hulle wil geestelike leermeesters wees van die wet vir ander! Want deur hierdie gehoorsaamheid aan God se wet, kry God die mag om die wêreld aan sy wil te onderwerp! Sonder hulle gehoorsaamheid is Hy 'n magtelose God.

Dit was die hart van die Joodse geestelikheid en Christusgeloof! Ons gaan met ons gehoorsaamheid God se koninkryk op aarde oprig en mense aan God onderwerp. Want God bewerk en laat sy koninkryk kom deur wetsgehoorsame mense! God gaan sy krag en mag op aarde deur ons uitleef! God leef sy krag en mag uit deur ons! Sonder ons is God se mag, krag en koninkryk in die wêreld afwesig!

Daarom noem Paulus ook die Jode met hulle geestelikheid in Romeine 6: 16 – 20 slawe van sonde en mense wat hul ledemate in diens van sedelike onreinheid en losbandigheid stel, net soos die Griekse heidene. Want mense wat glo dat hul goeie lewe is hoe God sy mag, krag en koninkryk oor ander mense afdwing, is met goddelike mag en nie met liefde besig nie. Om mense met jou morele goedheid en sedelike korrektheid aan jou mag te onderwerp asof dit God se koninkryk is, is losbandigheid en wetteloosheid.

Daarom is hul gehoorsaamheid waardeur God sy mag in die wêreld laat geld dooie gehoorsaamheid en hul bekerings van onsedelikhede, dooie bekerings. Hulle het geen vreugde in God wat in en deur Homself kragtig en magtig is en sy koninkryk deur Homself oprig nie. So 'n God maak hulle innerlik onbehaaglik en ongelukkig. Vir 'n god wie se wil hulle net as dienaars moet gehoorsaamheid uit lus en liefde vir God sonder enige mag en krag, is hulle lusteloos en afsydig.

8. Teenoor hierdie dooie gehoorsaamheid en dooie bekerings, is Christene met lewende gehoorsaamheid en bekerings besig!

Uit 'n innerlike vreugde dat God God is soos Hy God is en met 'n lus en liefde om sy wil te gehoorsaam as slawe. Rom. 16 en 17. Lus vir sy wil en lief vir sy wil omdat ons bly is Hy is God!

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

So! Kom ons vra weer die vraag wat maak die verskil tussen lewende gehoorsaamheid en dooie gehoorsaamheid aan God?

Paulus stel die werklike onderskeiding tussen hierdie twee soorte gehoorsaamhede met hierdie vraag: Besef julle nie dat as julle julleself vir iemand beskikbaar stel om hom as slawe te gehoorsaam, julle slawe is van die persoon aan wie julle gehoorsaam is?"Rom. 6: 16

Stel julle jul self tot beskikking van Hom wat julle vir Hom lewend maak of aan die gode wat julle vir hulle doodmaak? Stel julle julleself tot beskikking van God wie julle jul lewe as mense volgens sy wil laat leef of stel julle jul tot beskikking van gode wat hul lewe deur julle wil leef?

Wie 'n God of gode het wat hul lewe deur mense wil leef, maak hul dienaars se eie innerlike en eie lewe dood! Wie God as Here het wat hul as mense laat leef soos mense bedoel is om mens te wees, gee mense 'n innerlike vreugde in God en lus en liefde om sy wil te gehoorsaam.

9. Maak Christus ons lewend of dood vir God?

Die antwoord is maklik! Maak Hy dat God sy lewe as God deur my uitlewe of laat Hy my die lewe as mens leef waarvoor Hy my as Skepper gemaak het? As Christus ons mense maak deur wie God se goddelike lewe uitlewe, dan maak Hy ons dood, nes ouers wat hul lewe deur hul kinders wil leef. Dan is dit Christus wat ons 'n onbehae in God gee en 'n lusteloosheid en afsydigheid vir sy wil. As Christus ons mense maak wat ons menslike lewe voluit kan leef soos God dit vir ons bedoel het, dan maak Hy ons lewend vir God! Gee Hy in ons in God 'n innerlike vreugde en 'n lus en liefde vir sy wil!

Dit is presies die lewe wat die Here vir ons gee volgens Romeine 8: 2 Die Gees gee aan ons die lewe in Jesus Christus wat sy wet vir ons 'n lus en liefde maak!

Hierdie lewe is ons lewe in ons vereniging met Jesus Christus.

- In ons vereniging met Jesus Christus maak God Homself die Here wat ons nooit vir sonde sal straf, veroordeel, verwerp of verstoor nie. Christus is hierdie sondaar vir my in my plek.
- In ons vereniging met Jesus Christus maak God Homself die Here wat ons gehoorsaamheid aan sy wil altyd heilig, goed, reg en onberispelik laat wees vir sy liefde, al is dit nie volgens sy wet heeltemal reg of volkome nie.

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

Omdat ons God so in Christus ken, is innerlike verheug dat God só God is vir ons. Ons leef met hierdie innerlike vreugde dat God God is soos Hy in en deur Jesus Christus God is.

Omdat ons God in Christus só ken: God laat ons altyd deur ons gehoorsaamheid Hom verheerlik en het altyd in ons liefde 'n behae, is God se wil ons lus en ons liefde.

10. Dit is hoe ons as gelowiges ons elke keer en weer 'n keer instel om te doen wat God in sy wet eis, om slawe van gehoorsaamheid te wees:

- In Christus is ons innerlik bly God is so genade, so goed, so barmhartig, so liefdevol en geduldig soos Hy as God in Christus vir en met my is. Elke besluit en daad van gehoorsaamheid volgens sy wil kom uit hierdie innerlike vreugde – ek is bly God is vir my god soos Hy God is!
- In Christus is dit ons lus om ons aan die geregtigheid van die wet van God toe te wy. Elke besluit en daad waarin ek reg doen, is uit die geloof dat ek en my daad is vir God goed, reg en heilig.
- In Christus is die geregtigheid van sy wet my liefde. Want in elke daad van gehoorsaamheid en toewyding aan sy wil, weet ek God het my vir sy liefde geregverdig. Daarom is sy wil my liefde en nie net maar my plig nie!

In en deur ons geloof in Christus leef laat die Gees ons leef – gee Hy ons hierdie innerlike vreugde in God, met 'n lus en liefde vir sy wil. Dit is hoe ons elke daad van gehoorsaamheid lewend aan God toewy.

Hy is die God wat my as mens my lewe as mens gee en vir Hom as mens kan leef met die volle menslikheid soos God dit as Skepper bedoel het om te wees. In hierdie geloof is elke bekering, elke besluit en daad om weer God se wil te gehoorsaam, lewende gehoorsaamheid en lewende bekerings!

11. Dit is vandag die nuwe instelling van die moderne Christelikheid in kerke wêreldwyd om dit wat die Bybel “dooie gehoorsaamheid” en “dooie bekerings” volgens die wet van sonde en dood Rom. 8:2 as die nuwe ware bekerings aan gelowiges voor te hou!

Hoe lyk hierdie dooie gehoorsaamheid en dooie bekerings in die kerke vandag?

Dit klink só!

- God begeer jou en hy verlang om 'n verhouding met jou te hê, maar Hy kan dit nie kry nie omdat Hy nie sy lewe binne in jou leef nie! God wil graag sy

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

koninkryk en mag in die wêreld oprig, maar Hy kan dit net doen as Hy dit deur jou lewe kan doen. In Homself en deur Homself kan Hy dit nie doen nie!

- Wat in God se pad staan en Hom keer om sy begeerte en verlanges te kan vervul, is dat jy mens is soos jy mens is. Jou menswees en menslikheid staan in God se pad! En dit maak God vir jou kwaad, wrewelrig en woedend.
- Om God weer vol liefde en goedheid vir jou te maak, moet jy daarom jouself innerlik doodmaak, jouself innerlik ontken, jouself innerlik kruisig, net soos Jesus dit met Homself gedoen het, sodat jy innerlik niks en leeg is sonder jou eie lewe, jou eie belange en eie besit.
- Wanneer jy jouself só niks laat wees nie, sal God in jou lewe inkom en sy goddelike lewe deur jou uitleef en sy goddelike mag, krag en gesag in die wêreld deur jou laat kom.

## 12. Soos watter soort ouer is God nou hierso?

Hy is die ouer wat sy eie verlore lewe deur sy kinders wil uitleef. Só maak hierdie afgod sy kinders innerlik dood sodat Hy sy lewe deur hulle kan leef.

- Hulle moet sy wil uitvoer en hul aan sy wil toewy as God wat in Homself onbehaaglik is oor sy eie onvervuldheid en hulle wat 'n eie lewe leef, met sy onbehaaglikheid vervul. Uit hierdie gevoel van onbehaaglikheid met God moet hulle hul eie lewe aflê en opoffer.
- Wanneer jy moet bekeer tot hierdie onbehaaglike God doen jy dit met die innerlike vrees dat jy en jou lewe in sy pad staan en Hom kwaad maak.
- Om met God vrede en versoening te ervaar moet jy jouself dan jouself en jou eie lewe doodmaak en ontken. Vir 'n eie lewe volgens God se wil moet jy lusteloos wees.
- Omdat God in jou lewe inkom en sy lewe deur jou leef, moet jy innerlike afsydig staan teenoor 'n eie menslike lewe volgens God se wil. Jou passie moet God se goddelike krag en lewe deur jou wees.

In elke besluit en daad van gehoorsaamheid teenoor hierdie god is 'n onbehaaglikheid in God wat in en deur Homself God is, 'n lusteloosheid vir 'n eie lewe volgens God se wet en 'n afsydigheid om 'n eie lewe volgens God se wil te leef, nou die regte manier waarop jy gehoorsaam aan God moet wees.

Dooie bekerings en dooie gehoorsaamheid maak jou as mens vir God dood sodat God sy lewe deur jou kan leef.

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

13. Hoe gehoorsaam en bekeer ons tot God in ons vereniging met Jesus Christus?

Met dooie bekerings of lewende bekerings?

Besluit ons en doen ons wat in God se gebooie staan met 'n innerlike vreugde dat Hy God is en ons gehoorsaamheid aan Hom ons lus en ons liefde is, of vervul Hy en sy wil ons met 'n innerlike onbehaaglikheid, en 'n lusteloosheid en afsydigheid?

Ons leef vir God en God leef met ons!

Christus laat ons vir God lewe! Hy het nie gekom om te wys hoe ons onself vir 'n God wat 'n ongelukkige God is, onself dood te maak sodat hierdie God sy geluk kan vind om deur ons te leef nie.

God het nie verlore en onvervulde kinderjare wat Hy deur ons wil uitleef nie. God is ons Skepper en Verlosser! Hy gee ons 'n lewe om te leef vir Hom en met Hom en Hy maak Homself weer ons vreugde en sy wil ons lus en liefde!

Kom ons leef vir God! Kom ons leef die lewe wat Hy as Skepper vir ons gegee het met Hom en vir Hom volgens sy wet. Hierdie wet sal vir ons lei om ons volle bedoeling en potensiaal vir die lewe wat God ons laat leef, te vind. Kom ons leef vir God in hierdie vreugde, lus en liefde en kom ons verwerp hierdie afgod wat mense van Jesus maak wat ons kamstig doodmaak sodat God sy lewe deur ons kan leef.

Christus maak ons vir God lewend. Ons leef vir God. Ons maak nie vir God lewend deur Hom in onself te herleef nie. Kom ons gee onself aan God as lewende offer in sy diens volgens sy wil.

Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie

### Skrifuitleg

- Die onderskeid slawe van dood en slawe van gehoorsaamheid in Rom. 6 gaan oor die onderskeid tussen die twee verskillende wyses waarop die Tien Gebooie werk as wet van sonde en dood of wet van die Gees wat lewe gee. Rom. 8:2
- Die slawe van die dood verwys na die Joodse gehoorsaamheid aan God soos Paulus dit in Galasiërs 4: 25 aandui: Jerusalem en haar kinders is slawe.
- Alle mense buite Christus leef onder die wet van sonde en dood, Jode en Grieke volgens Romeine 1: 18 – 2: 1.
- Wie hulle self beskikbaar stel aan enige geestelike persoon, is die slaaf van die persoon aan wie hy homself beskikbaar stel. Rom. 6: 16.
- dood: om vir God se liefde en diens dood te wees; lewe: om in God en vir God se liefde te leef.
- lewe: innerlike vreugde in God vir wie Hy is en lus en liefde vir sy wil.
- sterflike begeertes: Rom. 1:18 – 32 Om eie sondige drifte as die liefde en wil van God te glo en uit te leef. afgodsdien.
- Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om 'n afgod deur jou te laat leef nie. Rom. 1:18 –
- Die Joodse afgod was die God vir wie hulle hul self reg gemaak en self reg geleef het. Die Griekse afgode was gode wat sondes as liefdes geregverdig het. Begeerte om jouself vir God reg en goed te maak deur sy wet te onderhou en begeerte om jou sondes as jou reg uit te leef, is beide deel van die mens se sondige natuur.
- Die kern van beide is om jouself dood te maak soos God jou gemaak het: in die begeerte om vir God reg te wees, moet jy jouself en eie-ek doodmaak, opoffer en in begeerte om sonde te regverdig moet jy jou bedoeling as mens vir God doodmaak.